

Mnr. die Voorsitter, Dames en Here,

Ek wil u nogmaals baie gelukwens met hierdie grootse onderneming. Ek glo u kan veral trots voel op die feit dat u dit bewerkstellig het deur saam te staan en saam te span. Deur die oprigting van hierdie koöperatiewe koelkamers en pakkamers het u in 'n langgevoelde behoefté in u streek voor-sien. Die voordele wat hierdie onderneming vir u bedryf gaan inhou, het ek reeds op gewys. En ek hoop en vertrou dat u sukses sal dien as aansporing vir die oprig van meer dergelike ondernemings in hierdie streek.

Departement van Inligting,
Volkskasgebou 1001,
KAAPSTAD.


Department of Information,
1001, Volkskas Building,
CAPE TOWN.

20.1.1962

PRESS RELEASE : DEPARTMENT OF FOREIGN AFFAIRS

For Release : Midnight January 29, 1962.

No. 11/1962(K)



The Government of Senegal has refused to issue visas to a South African delegation that planned to attend a meeting convened by the International Telecommunication Union and which opened in Dakar on Monday 22nd January. The Itu is a specialised agency of the United Nations, with headquarters in Geneva. The main purpose of the meeting was the preparation of a plan for the development of the international Telecommunication network in Africa. It was thus exclusively of a technical nature.

The Ministry of Foreign Affairs in Dakar was requested on 6th January to authorise visas to members of the South African delegation. By 15th January, no reply had been received and a further enquiry was despatched, which brought a reply the next day that visas had been refused. ITU headquarters in Geneva had also been requested to arrange with the Senegalese Government for the issue of visas. Notwithstanding their strong representations, the Senegalese Ministry of Foreign Affairs later confirmed that visas would not be issued.

In the circumstances the South African delegation was at short notice obliged to cancel arrangements already made for the journey to Dakar.

The Secretary-General of the ITU has been requested strongly to protest to the Senegalese Ministry of Foreign Affairs because of the denial of facilities to enable a Delegation of a Member Government of ITU to attend the meeting which the ITU had been invited by the Senegalese Government to hold at Dakar. He has further been requested to ensure that meetings which in future may be held away from Headquarters of the organisation, will be subject to a firm guarantee by the host Government that delegations of all countries entitled to participate will be accorded the necessary facilities to enable them to attend. The Secretary-General of the ITU has been informed that in view of the denial to South Africa of its undoubted right to participate in the Dakar meeting, its decisions cannot be regarded as committing South Africa in any way.

The action of the Senegalese Government is incompatible not only with its duties as a host Government, but also with the letter and spirit of the International Telecommunication Convention.

It is desirable to place on record in this statement that the ITU Secretariat for its part appears to have done everything possible prior to the opening of the Dakar meeting to persuade the Senegalese Government to fulfil its responsibilities as host and to accord to South Africa the rights prescribed in the International Telecommunication Convention.

This further evidence of immature action is deeply regretted and can only militate against fruitful co-operation in matters of common concern and interest of all African States.

Department of Information,
1001, Volkskas Building,
CAPE TOWN.

30.1.1962.

PRESS STATEMENT BY THE HON. THE MINISTER OF
FOREIGN AFFAIRS ON THE SEVENTEENTH SESSION
OF CCTA

For Release : Midnight January 30/31, 1962.

No. 12/1962(1)

The Republic of South Africa will not send a delegation to the Seventeenth Session of CCTA to be held in Abidjan in February, 1962, for the reasons set out hereunder.

In a letter addressed to the Secretary-General on the 18th January, 1962, it is pointed out that the Commission was created for the purpose of "encouraging and strengthening technical co-operation in all fields affecting the well-being of the peoples of their (the member Governments') territories in Africa south of the Sahara". South Africa was one of the six founder countries.

From its inception, it was the clear understanding that the functions of the CCTA and its related organisations were to be exclusively of a technical and scientific nature. This has repeatedly been stressed in the past, as recently as the Sixteenth Session of CCTA held at Lagos in February of 1961, when it was unanimously agreed "that Governments were opposed to being drawn into ideological discussions within the framework of CCTA".

The South African Government has throughout strictly adhered to this principle and has concentrated on making the fullest possible contribution for the technical and scientific development of the countries of the region. South Africa's leading scientists, experts and technologists have attended the meetings of the CCTA and CSA. South Africa has also made available its large fund of scientific and technical knowledge.

Unfortunately there has been an increasing tendency on the part of some of the new members of CCTA to inject political arguments into the deliberations of these organisations. Incidents at recent sessions affecting South Africa were the following:

- (1) At the Inter-African Labour Conference in Abidjan in April, 1961, certain member Governments introduced a politically inspired resolution, aimed at the South African Government. When it was ruled that the resolution was outside the competence of a technical conference these Governments declared that they would move for the expulsion of South Africa at the next annual session of CCTA in Abidjan in February, 1962;

- (2) The Department of Foreign Affairs was informally advised by the Secretary-General of CCTA/CSA that certain African States intended to introduce a motion at the Commission's next meeting in Abidjan in February, 1962, that South Africa should be excluded from membership of CCTA;
- (3) The "Brazzaville group" of countries at a meeting held at Tananarive in September, 1961, passed a resolution that South Africa should be excluded from CCTA.

The South African Government has often in the past indicated its willingness to co-operate with the other member Governments in matters of common concern in the technical and scientific fields. Clearly this is possible only if other member states are prepared to accept such assistance and co-operation, and if the organisations concerned are permitted to fulfil their constitutional functions uninhibited by political activities.

In view, therefore, of the facts set out above, it has been decided not to send a delegation to the coming Session of CCTA, but to await the course of events at that Session. If it should appear from the discussions that participation of the Republic of South Africa in CCTA and its related organisations is no longer possible, the Government will be obliged to reconsider its position as a member of the CCTA. It will then also consider to what extent it will be able to co-operate with those countries in Africa which desire to continue such co-operation.

Department of Information,
1001, Volkskas Building,
CAPE TOWN.

+ It will take place in Abidjan, Ivory Coast, from February 5 - 16, 1962.

-5 FEB 1962

1st
2nd
Transl.

Translation.

PRESS STATEMENT BY THE HON. THE MINISTER OF ECONOMIC AFFAIRS, DR. N. DIEDERICHS, M.P.

For Release : Midnight Feb. 1/2, 1962.

No.13/1963(K)

INCREASE IN THE SUGAR PRICE

The Minister of Economic Affairs announces that the retail price of refined sugar has, as from February 2, been increased by .4 cents a lb. and that of golden brown sugar by .3 cents. These increases will put up the consumer prices to 5 and 4.7 cents a lb. f.o.r. Durban respectively. Full particulars can be obtained from the Government Gazette published today.

Although an increase in the sugar prices was granted to the sugar industry as recently as a year ago, circumstances beyond the industry's control subsequently brought about an appreciable drop in its income from the sale of its sugar abroad. In view of the fact that the profits of the sugar industry were always strictly controlled by the Government, it is not possible for the industry to bear any considerable loss of revenue from its present profits, and it is, therefore, necessary to increase the price of sugar to compensate partly for this loss.

The Ministers wishes to point out that the general efficiency of the sugar industry, combined with the high prices received for a large part of our export sugar in the past, has always in the past enabled the Government to keep sugar prices in South Africa below those in most other countries. Even with the present increase, which, incidentally, is appreciably lower than what the sugar industry feels it is entitled to, our retail prices compare very favourably with those of most other countries. So, for instance, the comparable retail price of sugar in Australia is 6.4 cents, in the United Kingdom 6.6. cents, Canada 6.6. cents, Portugal 7.2 cents, Argentina 8.2 cents, Belgium 8.9. cents, Germany 8.9. cents, Israel 11.8 cents and Japan 12.8 cents a lb., compared with 5 cents a lb. in South Africa.

Department of Information,
1001, Volkskas Building,
CAPE TOWN.

2.2.1962.

PERSVERKLARING DEUR SY EDELE DIE MINISTER VAN
BANTOE-ADMINISTRASIE EN - ONTWIKKELING.

= Vir Onmiddellike Gebruik.

Nr.14/1962(K)

Met die oog op nuusberigte wat in verband met die voorgestelde grondwet van die Transkei gepubliseer is, wens die Minister van Bantoe-Administrasie en -Ontwikkeling daarop te wys dat geen amptelike mededeling in hierdie verband uitgereik is nie.

12 FEB 1962

Departement van Inligting,
Volkskasgebou 1001,
KAAPSTAD.

3.2.62

PRESS STATEMENT BY THE HON. THE MINISTER OF
BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT.

For Immediate Release.

With a view to news reports that have been published in connection with the proposed constitution for the Transkei, the Minister of Bantu Administration and Development wishes to point out that no communication in this regard has been issued officially.

Department of Information,
1001, Volkskas Building,
CAPE TOWN

3.2.62

Translation

12 FEB 1962

PRESS STATEMENT BY THE HON. THE MINISTER OF
JUSTICE

For Immediate Release - 6. 2. 1962. No.19/1962(K)

Following the unanimous and urgent request of organised agriculture it has been decided to make the provisions of the Livestock Theft Act, 1959 (Act No. 57 of 1959) operative as from April 1, 1962.

2. The provisions of this Act which ---

- (a) make it an offence to deliver or receive any livestock or products between the hours of sunset and sunrise which have been sold or bought or otherwise disposed of or obtained than at a public sale;
- (b) require the provision of documents of identification at transactions in livestock and products and the retention of those documents for three months after the transactions;
- (c) in certain circumstances prohibit the acquiring of livestock from certain non-whites and persons whose places of residence are unknown; and
- (d) ban the herding or transport of livestock or products along a public road without the prescribed removal certificate;

are only applied in regard to sheep, goats and cattle and on products such as skins, hides and horns off such livestock and wool and mohair.

3. To assist farmers and to enable them to comply with the least possible inconvenience with the requirements of the Act in regard to the documents of identification and removal certificates, the South African Agricultural Union has undertaken to supply a copy of the removal certificate and document of identification to all farmers' associations in the country. It is hoped that farmers will compile the documents strictly in accordance with the example of these copies, which will contribute to the elimination of many of the difficulties which are foreseen in connection with the practical application of these provisions.

4. Without investigating the legal validity of the copies which will be supplied by the Agricultural Union, instructions have been given that there must be no prosecutions for non-compliance with the provisions of the Act concerned where farmers do, in fact, make use of forms according with the example of the copies but which forms are technically defective in some or other respect.

It is thoroughly understood by all interested parties that the Act and regulations concerned are drastic in many respects and that there will probably be farmers who will find the restrictions cumbersome and irritating, but with a view to the great extent which the theft of livestock has assumed lately, it is trusted that all farmers will co-operate sincerely, in their own interests, to give effect to the provisions of the Act.

Department of Information,
1001, Volkskas Building,
CAPE TOWN.

6.2.1962.

PRESS STATEMENT IN CONNECTION WITH THE DEVELOPMENT OF UMDANTSANI BANTU TOWNSHIP, EAST LONDON,
BY THE HONOURABLE M.D.C. DE W. NEL, MINISTER OF
BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT.

For Immediate Release - 8.2.1962. No.20/1962(K)

Owing to the housing shortage for Bantu employed in the Urban Area of East London which necessitates the establishment of a new Bantu residential area and having regard also to Government policy which aims at encouraging the establishment of Industries on the borders of the Bantu homelands, it has become imperative to select a township site for Bantu residential purposes near East London which will not only resolve the existing housing problem there but will also have the effect of furthering the policy that Bantu workers in the border areas should be accommodated in the Bantu homelands in such a way that they are able to proceed daily to their places of employment in the adjacent industrial and other areas. This means that they are able to lead a normal life in their own homelands where they can acquire freehold title and enjoy all the privileges rights and opportunities which the whites have in their own cities within the Republic.

After exhaustive investigations carried out by teams of experts it has now been finally decided that the proposed new Bantu township will be established on the site commonly known as Umdantsani in the Potsdam area to the north of East London, and that this site together with its hinterland extending to the Bantu territories to the west, will at the earliest possible opportunity be incorporated into the Bantu homeland of the Ciskei. The new Township will, therefore, not be an urban Bantu residential area in the white area but will be developed as a Bantu Township in the Bantu homeland.

It is the intention of the Government to give high priority to the establishment of this township but before active steps can be taken for lay-out plans and the building of houses in the proposed Bantu township certain amendments to the Released area schedule of the Native Trust and Land Act, 1936, are necessary in order to enable the S.A. Native Trust to negotiate for the acquisition of and to control the land concerned. It is the intention to introduce the necessary amendments in a Bill during the present Session of Parliament.

Department of Information,
1001, Volkskas Building,
CAPE TOWN.

8.2.1962

Translation

PRESS STATEMENT BY THE MINISTER OF ECONOMIC
AFFAIRS, DR. THE HON. N. DIEDERICHS



For Immediate Release - 9.2.1962 No.21/1962(K)

It will be remembered that the consumer price of white sugar was increased on February 2 by 4 cents a lb. and that of golden-brown sugar by .3 cents a lb. A week earlier the industrial prices of these types of sugar had been increased by .35 cents and .25 cents a lb ., respectively.

Since then a good deal has appeared in the Press to the effect that these increases will lead to increases in the prices of products containing sugar. The quantity of sugar used naturally varies considerably from product to product, but it should be clear to all that an increase of .35 cents a lb. in the price of white sugar cannot possibly cause an increase of more than a fraction of a cent in the production costs of products containing sugar, depending of course on the percentage of sugar used in the products. Large-scale price increases for these products are therefore completely unjustified.

The Minister also wishes to draw attention to an important concession to industries exporting products containing sugar. It has, in fact, been agreed with the sugar industry that a considerable rebate will be allowed on the price of all sugar contained in products which are exported. It is expected that this arrangement, about which full particulars may be obtained from the South African Sugar Association, P.O. Box 507, Durban, will enable the exporters concerned to be more competitive abroad.

Department of Information,
1001, Volkskas Building,
CAPE TOWN.

9.2.62

20 FEB 1962

MINISTER VAN BINNELANDSE SAKE EN VAN ONDERWYS,
KUNS EN WETENSKAP, SY EDELE SEN. J. DE KLERK:
INOUGURELE REDE AS KANSELIER EN OPENING VAN DIE
AKADEMIESE JAAR VAN DIE POTCHEFSTROOM-UNIVERSI-
TEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS OP 16 FEB.
1962 OM 7.30 NM.

Vir Vrystelling : 9 nm, 16 Februarie 1962.

Nr. 28/1962(K)

Geagte mnr. die Vise-kanselier, here dosente, dames en here en studente,

Begryplikerwys beleef ek as individu vandag n unieke gebeurtenis. Om begenadig te wees om so n verhewe amp as dié van kanselier van so n belangrike en beginselvaste Universiteit soos hierdie te mag beklee, stem my tot innige dankbaarheid jeens ons Here en God, maar ook jeens die Raad van my Alma Mater wat die eenparige vertroue in my gestel het.

Dit is my bede dat ek die nodige krag en leiding sal ontvang om op waardige wyse aan alles wat in die amp van my verwag word, te voldoen. Aan die anderkant wek hierdie hoë onderskeidings en eer my aangedoen, by my n ware gevoel van kleinheid en onwaardigheid, veral as in herinnering gebring word die drie waardige voorgangers in wie se spore ek nou geroep is om te volg.

Wat n "gawe van God" was u eerste kanselier, Totius, nie gewees nie – die kerkman, die volksman, die digter wat ons volk in sy lief en leed voor die genadetroon van God kon opdra.

Wie kan ooit n prof. dr. J.C. van Rooy vergeet as tweede persoon wat hierdie hoë pos beklee het! Hy sal altyd met ons saamleef as die ware volksvriend en volksleier, wat deur donker dae positief koers en rigting aangedui het.

En dan die laaste maar seker nie die minste nie, ons vroeg-gestorwe en opregte vriend van ons geliefde inrigting, dr. Frans du Toit. Hy het vir hom monumente nagelaat op hierdie Universiteits-terrein en sy lewende belangstelling in die welvaarten groei van ons inrigting was n voorwaarde vir vooruitgang en bloei.

Skaars kan ek dit waag om sy plek vol te staan, maar waar hy help bou het, kan ek maar net poog om sy goeie voorbeeld van selfloosheid, opoffering en ware belangstelling te volg. Daar is egter een saak waar daar n roerende ooreenkoms tussen my voorgangers en myself bestaan en dit is dat ons almal besiel was en is met n onwrikbare geloofsoortuiging dat hierdie volk van ons geroep is met n roeping en taak om n lig in donker Afrika te wees.

Om hierdie taak te kan uitvoer, moes ons as volk deur n smeltkroes gaan en baie voorbereidende werk moes voorafgaan. Aan die begin van hierdie eeu, nl. 31 Mei 1902, het die vrede van Vereeniging die voortbestaan van die twee Boererepublieke in Suid-Afrika beëindig. Op dieselfde datum, maar agt jaar later, is die huidige vier provinsies tot eenheid in die Unie van Suid-Afrika saamgesnoer.

Nog 50 jaar later beleef ons die republiekwording en wel in n wêreld wat gekenmerk word enersyds deur ongekende vooruitgang op die gebied van wetenskap, tegnologie, tegniek en lewenstandaarde en andersyds deur die ontwakende nasionalisme onder die onderontwikkelde volke, veral op die vasteland van Afrika, wat in die aaklike gedaante van n onrype, aggressiewe monster dreig om die pas gebore kind te vernietig.

/Die wêreld2

Die wêreld waarin die Republiek gebore is, word heen en weer geslinger deur groot wêreld-politieke maguskonsentrasies wat almal needing om die guns van die onderontwikkelde volke, veral in Afrika, met die oog op moontlike uiteindelike handels- en magsewewig-voordele. In die proses misbruik die Afro-Asiatiese blok sy posisie om in die algemeen die groter moondhede teen mekaar af te speel en terselfdertyd met hulle simpatieke bejeëning en soms selfs ondersteuning bitsige aanvalle teen die huishoudelike landsbeleid van buurskapontwikkeling van die Republiek te doen. Dit alles geskied in 'n atmosfeer swanger van grenselose leuentaal, verwronge voorstellings en opsetlike verontagsaming van die waarheid.

Daar is duidelike aanduidings dat in die sogenaamde „stryd om vryheid of onafhanklikheid" alle verskille tussen mens, en mens, ras en ras, tussen volk en volk, tot omgewings-, kultuur- en geleentheidsverskille gereduseer word en dat wesentlike verskille van geesteshouding, geestesskepping, lewenstyl, gemeenskapvorming soos dit sy besondere beslag in volkstaal, volksgevoel, volksbewussyn, volkstradisie en volksbesef vind en wat die verskille tussen volkere en rasse bepaal, deur moondhede wat op hulle wapen- en geldmag staatmaak, onder die voorwendsel van vryheid, gelykheid, demokrasie en vrede, weggeredeneer word.

Dames en here, hiermee het ek vir u in 'n paar grepe die magte van die duisternis geskets wat teen ons saamspan. Terselfdertyd dien dit vir ons hier in die suidpunt van ons magtige kontinent as 'n ernstige waarskuwing om ons te sterk en te staal om te midde van die ingrypende rewolusies van denke en van ideologië getrou aan die Republiek en die Christelike Westerse norms te bly. Alleen dan sal ons 'n vesting hê en die innerlike krag ontvang om tot die bitter einde vir ons oortuigings te stry.

Die huidige ^{Wat}omstandighede maak dit gebiedend noodsaaklik dat ons as jong volk/n nuwe tydvak betree, helder, onbevange en onbevooroordel sal dink. As volk sal ons ons lewensbeginsels moet heroorweeg en herbepaal sodat dit vir ons duidelik sal wees watter lewensbeginsels ons as die aan ons volk beskou en watter lewensbeginsels gebore is uit 'n verlede en saam met die volk gegroeï het en waarvoor ons bereid sal wees om te sterf sodat die blanke Christelike beskawing aan die suidpunt van Afrika kan voortbestaan.

Die voortbestaan van 'n volk is nie net van sy materiële welvaart afhanklik nie, maar in 'n nog groter mate van sy geestelike welvaart - dit waaraan hy glo, die lewenswaardes en -beginsels wat sy leefwyse bepaal. Op materiële en geestelike gebied staan die Republiek op die voorpunt in Afrika, maar om alleen op materiële en geestelike welvaart te roem, sal nie ons plek in die ry van volkere van die wêreld en ons verhouding teenoor die volke van Afrika in die besonder, bepaal nie.

Hoewel ons teenoor die res van die wêreld gering mag lyk en die pad wat ons bewandel volgens ons vyande eensaam skyn te wees, kan en moet ons antwoord aan die wêreld wees die kaliber van mens wat ons op eie bodem kweek. Vir 'n gesonde cordeel oor die strydvrage van die wêreld moet ons jeug van vandag toegerus word met kennis, die regte lewenswaardes en -beskuiings en onverdeelde trou en vaderlands liefde, want hulle sal ons plek en verhouding teenoor die volkere van die wêreld in die toekoms bepaal.

Ons het Godvresende persone met vaardighede, rype kennis, wysheid en nugtere visie nodig om op wetenskaplike en geestelike gebied ons plek in Afrika en in die Westerse wêreld te handhaaf en te beveilig.

Dit bring my by die onderwys en opvoeding van ons volk van mōre - ons jeug van vandag. Die onderwysstelsel van die Republiek, wat gekenmerk word deur verdeelde beheer, is aan u welbekend. Die tyd het egter aangebreek dat die onderwys en opvoeding van die blanke jeug aan ons skole, wat tans deur vyf onderwysdepartemente beheer word, n nasionale karakter moet kry, want alleen dan kan ons jeug doelbewus behoorlik voorberei word vir die voortbestaan van die blanke in die veelrassige Republiek en vir die voortbestaan van die Republiek self in Afrika.

Die eerste vraag wat nou ontstaan, is wat behoort die taak van ons middelbare onderwysstelsel onder die huidige wêrelodomstandighede te wees? Die huidige onderwysstelsel in teenstelling met die onderwysstelsel van twintig, dertig jaar gelede wat hoofsaaklik op die onderrig-aspek, dit wil sê die oordrag van kennis aan die jeug onder streng dissipline, klem gelê het, stel homself ten doel om die jeug volgens hulle belangstellinge,

aanleg, vermoëns, ens. afsonderlik tot die maksimum-ontwikkeling te lei.

Die erkenning van individuele verskille by skoolgaande kinders bring mee dat middelbare onderwys nie eenvormig kan wees nie, maar dat daar differensiasie sal wees sodat elke kind na gelang van sy aanleg, vermoëns en belangstellings die geleentheid sal hê om ten volle te ontplooи, hetsy in 'n natuurwetenskaplike rigting, 'n geesteswetenskaplike rigting of 'n tegniese rigting. Hier vind ons dus voorbereiding vir 'n meer gespesialiseerde beroepsopleiding.

Die tweede taak van die middelbare onderwysstelsel is om die kind op te voed. Hierdie opvoeding gaan om die mens as 'n totaliteit, as 'n ondeelbaar-saamgestelde wese, maar daarby, nie alleen om die enkele mense as sodanig nie, maar om die mens as deel van die gemeenskap waarin hy opgroei en leef en waarop hy sy lewe lank reageer in al sy doen en late.

Dus is die wese van opvoeding die bekwaming van die opvoedeling om as sosiaal-sedelike persoonswese te handel. Dit beteken dat die kind geleid en gehelp moet word tot selfstandigheid en verantwoordelikheid of tot sedelike selfbepaling, waarmee bedoel word die neem van sedelike besluite ten opsigte van waardes en 'n rangorde van waardes.

Die voorbereiding tot 'n uiteindelike beroep volgens elke leerling se vermoëns, belangstellinge, aanleg, ens. en die opvoeding van die kind tot 'n sosiaal-sedelike persoonswese is die twee aanvaarde take wat ons huidige onderwysstelsel hom ten doel stel. Hierdie take stel my nie tevrede nie, daar dit myns insiens ontoereikend is. Ek het beswaar teen die kleurloosheid van die woord "sedelike" en sou "Godsdiensstige" of selfs "Christelike" verkies.

Wat sou al die kennis en etiese beginsels ons baat as ons nie met behulp daarvan wysheid kan verkry nie, en hoe is wysheid moontlik sonder die lig en leiding van ons drie-enige God? Ons voed die mens tog nie alleen vir sy wêrelde tuiste op nie, maar ook vir die hiernamaals. Laat ons dus nie skaam wees om ons na dié Bron van alle wysheid te wend nie en Hom en Sy leer in al ons doen en late - ook in die skool - met ons hele wese te vervleg nie.

Ook behoort ons onderwysstelsel hom meer doelbewus toe te spits op die aankweek van gesonde menslike verhoudings. Gesonde menslike verhoudings in die Republiek van Suid-Afrika, waar blank en nie-blank, soos Bantoes, Kleurlinge en Asiate, moet saamwoon, is noodsaaklik om die vredesame bestaan van al die rasse te verseker.

Juis hier waar ons met die bevolkingsamestelling van die Republiek van Suid-Afrika te make het, is ons grootste probleme te vinde. Een van die groot ideale van republiekwording is groter eensgesindheid tussen die verskillende taalgroepe van die blanke bevolkingsdeel. Hierdie eensgesindheid en wel ten opsigte van ons landsbeleid en ideale vir die Republiek, moet ook ons nie-blanke bevolkingsdeel betrek. Daarom is dit noodsaaklik dat hierdie strewe om groter eensgesindheid in die onderwysstelsels vir blankes en nie-blanke moet weerklink vind.

Die onderwys en opvoeding tot hierdie doel verg deeglike studie en kennis van mekaar, want 'n beter verstandhouding met mekaar ++ begrip van die verskille tussen groepe mense lei weer tot wedersydse respek vir en aanvaarding van mekaar.

Daar die blanke, in teenstelling met die nie-blanke bevolkingsdeel, die minderheidsgroep is, is dit noodsaaklik dat die Afrikaans- en Engelssprekende groepe mekaar sal vind terwille van die handhawing van die blanke as sodanig en terwille van die handhawing van 'n Christelike demokratiese beskawing.

Dit is die taak van die onderwysstelsel om te sorg dat die ideaal van 'n gemeenskaplike nasieskap, 'n nasieskap wat nie die identiteit van 'n groep sal ontnem nie, maar 'n nasieskap wat gebou is op gemeenskaplike beginsels en waardes met 'n gemeenskaplike liefde en lojaliteit vir die Republiek van Suid-Afrika, met die aanvaarding van en waardering vir dit wat aan elke groep eie is, aan ons blanke jeug oorgedra word. Die vervulling van hierdie grootse ideaal is in geen geringe mate nie in die hande van ons onderwysers. Daarom moet die onderwysers van ons volk 'n duidelike en heldere roepingsbesef hê vir die groot opvoedkundige take wat hulle wag.

Hulle moet besiel wees met idealisme, 'n idealisme wat hulle leerlinge kan begeester sodat hulle vol vertroue die toekoms toegemoet kan gaan. Verder moet die onderwyser 'n aktiewe vaderlandsliefde openbaar, 'n liefde vir die volkskultuur, volksaard, nasietrots en nasie-eer, sodat sy strewe altyd sal wees om die eer van volk en vaderland in alle opsigte te bevorder, want slegs dan sal die Afrikaans- en Engelssprekende bevolkingsdele koersvas die toekoms kan betree.

Indien ons die twee blanke taalgroepe met onverdeelde trou en lojaliteit aan die Republiek van Suid-Afrika wil bind, en ons deur gesonde menseverhoudings vredsame naasbestaan van blankes en nie-blanke wil verseker, met die Republiek as die brandpunt van 'n Christelike Westerse beskawing in Afrika, is dit nodig dat 'n nasionale onderwysbeleid vir blank en nie-blank daargestel word.

Die vernaamste rede waarom 'n nasionale onderwysbeleid dringend noodsaaklik geag word, is die feit dat die verantwoordelikheid vir onderwys in Suid-Afrika deur vyf onderwysdepartemente beheer word. Hierdie verdeling het daar toe aanleiding gegee dat elke onderwysdepartement min of meer 'n eie stelsel ontwikkel het. Omdat daar geen nasionale onderwysstelsel of beleid is nie, kan die Volksraad nie die aspekte van die onderwys bespreek wat provinsiaal beheer word nie, kan netelige vrae ontduiik word en kan die hoogste landsdag die onderwys nooit as 'n geheel sien nie. Maar meer nog. In die tyd waarin ons leef, is onderwys en opvoeding nog intiemer vervleg met die wese van die Staat as ooit tevore.

Die landsburger moet voldoen aan sekere norms. Hy moet bv. Godvresend wees, die waarheid lief hê en opgeleide kennis besit om daarna te kan soek; hy moet glo in redelikheid en vooroordeel kan onderskei. Hy moet waardes na waarde beoordeel en met wysheid en moed volgens sy oortuigings kan handel.

++ stel as voorvereiste wedersydse kennis
van mekaar, en 'n goeie

/Dit alles5

Dit alles tesame met die geweldige tegnologiese veranderinge wat ons beleef, verg dat die onderwys vandag, veral in die later studiejare, toepaslik sal wees. So nie, mag dit daartoe lei dat groot getalle van ons jeug voorberei word vir 'n soort lewe wat hulle nie sal lei nie. Die opvoedkundige stelsel moet dus o.a. ook gemeenskapsgerig wees, d.w.s. ingerig wees om rekening te hou met die middedele waarvan die land bestaan en floreer. En hoe kan dit geskied sonder dat daar 'n bevoegde sentrale gesag is wat die beleid bepaal?

Dat die verdeelde beheer ten opsigte van onderwys, probleme oplewer, is vanselfsprekend. So is daar by die vyf onderwysdepartemente onderling geen eenvormigheid van beleid ten opsigte van die medium van onderwys; verpligte skoolbesoek en voorwaardes vir vrystelling hiervan; bevordering van leerlinge; verlening van sertifikate; vry onderwys; toelatingsouderdom; opleiding; diensvoorraad; erkenning van kwalifikasies; besoldiging van onderwysers, ens. ens. nie.

Hierdie verdeelde beheer bring ook mee dat leerlinge wanneer hulle van een provinsie na 'n ander verhuis dit moeilik vind om aan te pas by nuwe leerplanne, voorgeskrewe boeke en onderwys-metodes. Hoofde hou dikwels ter wille van die handhawing van getalle, leerlinge terug van die soort onderwys wat hulle volgens aanleg, vermoë en belangstelling behoort te ontvang. Die gehalte van die onderwys wat deur verkillende onderwysowerhede verskaf word, verskil na gelang van die finansiële vermoëns van die betrokke onderwysgesag. Onder die huidige stelsel is daar geen versekering dat elke blanke kind van die land sy regmatige deel van die onderwys sal ontvang nie.

Ek is voornemens om 'n nasionale onderwys-adviesraad in die lewe te roep en wetgewing hier toe sal nog gedurende die huidige parlementsitting aangeneem word. 'n Wetsontwerp is opgestel en verwys na 'n Gekose Komitee, met die regte en magte om stukke te vorder en getuienis af te neem. Dit is 'n eerlike poging om die beste resultaat aan land en volk te lewer.

Dit is my oortuiging dat die beste belang van sowel die kind as die Republiek slegs langs die weg van koördinasie en sentrale beleidsbepaling bewerkstellig kan word. Onderwys en opvoeding is nie 'n proses wat hom in 'n sekere tydsbestek voltrek nie. Dit duur voort van geboorte tot die graf. Daarvandaan dan ook die instelling van 'n nasionale skema van onderwys buite skoolverband. Die stelsel is welbekend. Hoewel dit reeds goeie vrugte afwerp, kan dit tot nog veel groter nut van ons volk aangewend word veral om die ryperige jeug wat die skool verlaat het tot diens te wees.

Vir die verdere uitbouing van ons kulturele en fiksheidsbedrywigheide het ek daarin geslaag om ekstra bewilligings van die staatskas te verkry.

Van groot belang in ons volkslewe is ons Universiteite. Dat die Regering en die volk terdeë besef dat die universiteite die land se grootste bate is, word afdoende bewys deur die geweldige toename die jongste tyd in die getalle studente en die staatsbydraes tot die agt residensiële universiteite vir blankes.

Die getalle voltydse studente het gestyg van 18,271 in 1955 tot 28,518 in 1961 of met nagenoeg 55% oor ses jaar. Ten opsigte van lopende uitgawes het die Regering se bydrae gestyg vanaf R4,900,604 in 1955 tot R8,972,322 in 1961, terwyl die staatsubsidie per student van R268 in 1955 tot R314 in 1961 gestyg het. In 1955 is lenings vir kapitale doeleindes ten bedrae van R593,980 en toekennings ten bedrae van R552,304 goedgekeur, terwyl in 1961 lenings ten bedrae van R3,522,486 goedgekeur is. Oor die ses jaar is altesaam R3,204,656 aan toekennings en R13,195,134 aan lenings vir kapitale uitgawe goedgekeur.

Collection Number: AD1715

SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF RACE RELATIONS (SAIRR), 1892-1974

PUBLISHER:

Collection Funder:- Atlantic Philanthropies Foundation

Publisher:- Historical Papers Research Archive

Location:- Johannesburg

©2013

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive at The University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.